# UV PERSU


BEREIK SAAM / ACHIEVE TOGETHER

nuus
ditaba
news
1/2006



10 jaar
years

Amptelike publikasie van die Personeelunie van die Universiteit van die Vrystaat
Official publication of the Personnel Union of the University of the Free State
Phatlalatso ya Semmuso Mokgatlo wa Basebetsi ba Yuniversithi ya Freistata




**7 Stegmann Str, Universitas, BFN 9301**
**Tel 082 728 4860, Fax 051 522 1695**

# SNEIMARK

**Wil u vinnig iets koop of verkoop of sommer net u besigheid adverteer? Doen dit dan hier!**

Lede adverteer gratis en nie-lede betaal R50 per advertensie.

Die Raammeester lewer kwaliteit raamwerk teen spesiale pryse aan UV-personeellede. Skakel 051-522 0312 saans.

Maak van video's! Alle personeel en departemente wat hierdie soort dienste benodig, skakel 082 720 9779 vir die beste kwaliteit en puik diens.

Amabile Stryktrio se musiek maak u huwelik of funksie onvergeetlik. Groot verskeidenheid – klassiek, troumarse, temas uit musiekblyspele, Irish, ens. Skakel 051-436 4280 saans.

BUCHU & ROOIBOS: 40 sakksies @ R12 (met gesondheidseienskappe).
KANKERBOS & ROOIBOS: 40 sakksies @ R12 (met gesondheidseienskappe).
Skakel Pieter saans by 522-8717 of 083 625 4703.

Kovsiewas: Was en stryk teen lae pryse. 051-430 6474/ 401 3214.

Vir tikwerk (verhandelinge, take, ens.) en internetnavorsing vir enige onderwerp, besoek www.flamingsword.co.za vir meer inligting. Flaming Sword Wedding, Party & Event Planning neem die moeite uit die beplanning. Skakel 0826208344.

Hierdie Nuusbrief is saamgestel deur die UVPERSU- kantoor, in samewerking met die Uitvoerende Dagbestuur. Photos/Foto's: Stephen Collett

**Menings wat gelug word, weerspieël nie noodwendig dié van die samestellers of van UVPERSU of die UV nie.**

# UVPERSU ke eng?

UVPERSU ke yunione eo ha jwale e bopilweng ka basebetsi ba tsa thuto le basebetsi ba mosebetsi o akaretsang ba Yunivesithi ya Freistata.

UVPERSU ke yunione e kgothatsang le ho kopanya ditho tsa yona hore e se ke ya eba boramurusu le ha e le ho straeka. E sireletsa le ho tsitlallela ditlhoko le ditabatabelo tsa ditho tsa yona, ka mokgwa wa ho buisana le ho ba molemong wa mekga yohle e amehang.

Maikemisetso

- Ho nnetefatsa hore basebetsi bohle bao e leng ditho tsa UVPERSU ba fumana tshwaro e ntle tikolohong ya mosebetsi.
- Ho aha metjha ya dipuisano tsa ka hare (mahareng a ramosebetsi le ditho, mmoho le dihlopha tse ding).
- Ho thea dikamano le tekatekano mosebetsing.

Theo

- UVPERSU ke mokgatlo wa basebetsi pele. Ka lebaka leo, metjha ya puisano le mekgatlo yohle e a amohelwa, e le hore ho be bonolo ho kopana le ditho hore ditlhoko le ditabatabelo di fihlelwe.
- UVPERSU e hlokomela dikamano tsa merabe yohle ya ditho tsa yona, mme e tla hlokomela ka mehla ditlhoko tsa ditho.

## NUTTIGE INLIGTING

UVPERSU-adres en -telefoonnommers:
Flippie Groenewoud-gebou 2D, Interne posbus 95,
Telefoon: 401 2366/9574 of 083 3990896 of 6087 (verkorte nommer vir kampusoproepe) E-pos: lombarda.rd@mail.uovs.ac.za

Webblad - besoek gerus UVPERSU se webblad op die UV se tuisblad.

## Inhoud/Contents

**1** Anita gesels met...
**3** Secretarishoek
**4** De iure
**5** Uit die voorsitterstoel
**5** "O stres, waar is jou angel?"
**6** Pas jouself op – jy is kosbaar
**6** Welcome to our venues
**7** Roervink
**8** Salarisse 2007 • Salaries 2007
**9** "We prepare our students for a career in adventure…"
**10** Die hede en die verlede
**12** Personalia potpourri
**16** UVPERSU agenda
**17** Uit die hart / From the heart

Stephen Collett, die amptelike kampusfotograaf, se perseel is oorkant Van Schaik op Thakaneng Brug. As u hom benodig, skakel hom by 0832768123.

Stephen Collett, the official campus photographer, occupies the premises opposite Van Schaik at Thakaneng Bridge. Please phone 0832768123 if you need photos to be taken.



# Enid Motseki - sinoniem met stylvolle bediening in UVPERSU se Teekamer



Foto's Ilse de Beer

Enid Motseki

## Anita gesels met...

Enid was daar toe 'n unieke organisasie tien jaar gelede die "eerste lewenslig" aanskou het.

**Hoe lank werk jy al by die UV?**

Vanjaar in Februarie was dit dertig jaar! Ek het in 1976 in die Dosente-teekamer se kombuis begin werk. Mev Swartz was toe in beheer. Daarna het ek ook by mev Small-Smith in die teekamer gewerk en vanaf 1978 tot 1999 by mev Dawn de Klerk. Ek en jy werk nou al vanaf 1999, toe UVPERSU 'n kantoor gekry het, saam. Die teekamer het toe ook 'n nuwe naam gekry, naamlik die UVPERSU-teekamer. Dis nogal snaaks om te hoor hoe party van die ouer mense nog van die Dosente-teekamer praat!

My man Abel werk ook al 'n geruime tyd by die Universiteit en is 'n Biblioteekassistent by die Frik Scott Biblioteek.

**As jy weer oor kan begin, sal jy weer by die UV en UVPERSU wil werk?**

Ja, ek werk baie lekker en ken baie mense. Iemand wat hier werk, het baie voordele en voorregte. My dogter kon met 'n personeelbeurs van die Universiteit studeer en het 'n B.Sc.-graad behaal. Sy studeer nog steeds en is tans in haar finale jaar B.Com. My seun Ben is nog op hoërskool. Hy sal ook eendag gratis hier of by SUT kan studeer.

Ek het baie geleenthede gekry om te vorder en te groei in my werk en het meer verantwoordelikhede bygekry. Ek help om UVPERSU se lokale te bestuur en hanteer ook alle kontant in die UVPERSU-teekamer. Ek help ook met bestellings en aankope. Hier vind ook baie werkswinkels en funksies plaas en ek help ook daarmee.

**Vertel bietjie van die teekamer van vroeër jare. Het dit baie verskil van nou?**

Ek het van 10:00 tot 11:00 en van 15:00 tot 15:30 tee en koffie geskink. Net dosente en professore kon kom tee of koffie drink. Hulle sekretaresses mag nie hier iets kom drink het nie. Daar was ook altyd beskuit saam met die tee of koffie. Daar is R10 per maand van lede se salaris afgetrek. As jy die plek wou bespreek, moes jy R25 betaal, maar jy mag nie die stoele geskuif het nie. Toe UVPERSU gestig is en nadat jy hier begin werk het, het alles verander. Ons is nou oop vir almal wat by die Universiteit werk. Daar is teeklubs wat hier kom tee of koffie drink en die mense is baie in hulle skik met ons mooi nuwe granietblad en die nuwe Nestlé-masjien. Ons het voorheen al ons voorrade buite die kampus gekoop. Deesdae is dit baie makliker om aankope te doen omdat ons al ons voorrade hier op kampus aankoop.

**Waarvan hou jy nog behalwe om 'n tuisteskepper te wees?**

Ek is baie lief om by my kerk te werk en daar betrokke te wees. Die Here is goed vir my en daarom wil ek ander mense help. Ek hou daarvan om my huis te verf en om te kook. Dis vir my lekker om my huis mooi en skoon te hou.

**Tipies vrou hou jy van mooi klere en lyk jy altyd stylvol en modieus. Maak jy graag klere?**

Nee, mens het nie altyd tyd daarvoor nie.

**Jy was onlangs in 'n televisieprogram op e.tv. Vertel bietjie daarvan.**

Ek het 'n kompetisie gewen en moes Johannesburg toe vlieg vir 'n televisie-opname. Dit was heerlik. Ek is oral, in die vliegtuig, by die hotel en in die ateljee bederf en op die hande gedra. Ek het my baie geniet. Dit was veral lekker om vir al die kykers te kon sê waar ek werk. Ek is trots op my plek! Ons moet mos vir UVPERSU en die Universiteit en Bloemfontein op die "map" sit!

**Dink jy dis goed dat daar 'n vakbond soos UVPERSU by die UV is?**

Ja, dis 'n baie goeie ding. As jy probleme het, kan jy dit saam met die vakbond oplos. UVPERSU se deur is vir almal oop. Mense voel welkom by UVPERSU.

**Jy was al baie saam met my betrokke by ledewerwing en tolking. Was dit vir jou lekker?**

Ek geniet dit baie. Dit gee my die geleentheid om mense te help. Baie dinge het verander en baie van my mense behoort aan UVPERSU. Dis goed dat ek vir hulle in Sesotho kan verduidelik hoe UVPERSU hulle kan help. UVPERSU het my 'n kursus in kliënteskakeling laat doen en ek het dit baie leersaam gevind.

**Wat is jou droom vir jouself en vir UVPERSU?**

My droom vir myself is om gesond bly en te werk tot ek 60 is en dan wil ek graag by

... Enid Motseki vervolg op bl.2

# Ruimhartig, rustig, raakvatter - dit is Sarien Crous, UVPERSU se nuwe administratiewe assistent



Sarien Crous

**Wie is Sarien Crous en waarvan hou sy?**

Ek is 'n gebore en getoë Bloemfonteiner en een van 2 dogters in 'n gelukkige en hegte gesin. Na matriek het ek 'n Nasionale Diploma in Gasvryheidsbestuur verwerf. Ek hou van lees, musiek en kuns soos lapverfwerk.

**Vanwaar julle gesin se liefde vir klassieke musiek?**

My pa se familie is baie musikaal - sy twee ooms het beide in orkeste gespeel. My oupa het ook in 'n orkes gespeel. My tannie speel orrel in Theunissen se kerk. My huisgesin is ook musikaal - my pa het kitaar gespeel, ma het klavier gespeel en sus speel nog viool en klavier en neem ook sanglesse by mev Hanna van Schalkwyk.

**Jy het al heelwat oorsee gereis. Van watter lande het jy die meeste gehou?**

Switserland, Holland, Duitsland en Skotland. Ek was ook al in Amerika en wat ongelooflik was, is dat alles so wonderlik "werk", maar ek sal nie graag daar wil bly nie.

**Glo jy in SA of sou jy eerder graag oorsee wou werk soos so baie jongmense deesdae doen?**

Ek sal nie oorsee gaan werk of woon nie, want ek is te lief vir Suid-Afrika, ten spyte van die hoë misdaadsyfers en al! Ons moet hier bly en saamwerk om 'n verskil te maak.

**Hoe voel dit om by 'n vakbondkantoor soos UVPERSU s'n te werk en vind jy dit stimulerend of depressief?**

Gedurende my naskoolse opleiding moes ek as 'n ontvangsdame by verskillende gastehuise werk om my Diploma te kon verwerf. Die opset van 'n gastehuis is totaal anders as dié van 'n vakbondkantoor. 'n Mens kan die twee nie eintlik vergelyk nie, maar as mens mooi gaan nadink, is daar tog "ooreenkomste". Gaste gaan by die gastehuis tuis, jy moet omsien na hulle behoeftes en sorg dat hulle gerieflik is (want hulle betaal daarvoor!) en daarna sien jy hulle dalk nooit weer nie. By ons kantoor sien ons ook na mense se behoeftes om (gratis!) en dis tegelykertyd stimulerend en depressief - stimulerend omdat daar verskillende kultuurgroepe op een plek saamgesnoer is en UVPERSU saamwerk om dit te laat werk; depressief omdat 'n mens nie kan glo dat daar daagliks by ons kantoor soveel mense met frustrasies, hartseer en probleme, vir hulp opdaag nie. Wat weer bemoedigend is, is die feit dat daar nie net na die mense geluister word nie. Daar word regtig baie moeite gedoen om hulle op die een of ander manier te probeer help.

**Wat doen jy as jy die kantoordeur agter jou sluit?**

Ek behoort aan 'n verfklub wat elke Woensdagaand lapverfwerk doen. Ek behoort ook aan 'n kultuurorganisasie Jong Dames Dinamiek wat 'n Christelike nie-winsgewende organisasie is wat een keer elke maand byeenkom.

**Is dit voordelig of lekker of albei om saam met jou pa en suster op dieselfde kampus te werk?**

Dis voordelig want ons ry saam en spaar so brandstof en lekker want ons deel baie spesiale Kovsiedinge met mekaar!

**Baie mense beny ons oor ons by die UV werk. Wat maak dit so 'n gesogte werkplek?**

Ek dink dis omdat dit so 'n rustige en mooi omgewing is. Die mense is ook baie spesiaal.

**Wat is jou droom in die lewe? En vir UVPERSU?**

My droom in die lewe is dat almal op aarde in harmonie met mekaar sal lewe.

My droom vir UVPERSU is dat dit altyd so uniek sal bly en van krag tot krag sal gaan.

**Jou boodskap vir UVPERSU-lede?**

Glo in jouself, in UVPERSU en in Kovsies en wat jy ook al doen, moet jy voluit doen.

... Enid Motseki vanaf bl.1

die huis werk en meer vir die kerk doen en beteken.

My droom vir UVPERSU is dat ons vakbond sal help dat almal in vrede saamleef en dat die Universiteit die lekkerste werkplek in die land sal wees.

**Het jy 'n boodskap vir UVPERSU se lede?**

Dit maak nie saak watter soort werk jy doen nie, alles is belangrik om die wiele aan die rol te hou. Doen dit so goed as jy kan en jy sal lekker slaap in die aand.

# Secretarishoek

"Die dae is koel en baie stil – hulle gaan verlore, die een na die ander, en glip weg deur jou vingers soos die blare, winter toe, sonder dat jy een van hulle kan oorhou." Hoe waar is hierdie woorde van Karel Schoeman nie. Ons dae glip deur ons vingers sonder dat ons een van hulle kan oorhou.

UVPERSU was op 18 September 2006 10 jaar oud. Daardie eerste Maandag in Augustus 1999, toe ek as groentjie by Dawn de Klerk ingestap het en 'n kantoor vir UVPERSU moes vestig, voel soos gister…

So baie dinge het die afgelope 7 jaar gebeur en al voel dit soms of die dae deur my vingers geglip het sonder dat ek een van hulle kon oorhou, het elkeen van hierdie dae gebeurtenisse en mense opgelewer wat my lewe op 'n baie spesiale wyse geraak en verryk het.

Labour relations at its best can sometimes be very tough to handle and a workplace at a higher education institution is no place for sissies! I had to learn to cope with turbulent bad days, as well as rewarding good days. After seven years I still find it difficult to cope with the bad days! It is not always possible to satisfy everybody and it is not easy to tell a member that he or she has not been discriminated against unfairly or that no unfair labour practice has been committed.



In 2001 my good friend and colleague, Hennelien Landman, gave me a wonderful book as a present. In *Rise and Shine* Alma Barkman wrote daily inspirations from God's Word. These inspirations kept me going many a day when I had to support somebody in distress or when I myself didn't feel up to my daily responsibilities. In her wisdom Alma asks if one must first suffer physically, mentally, emotionally or spiritually before one learns the healing value of a soothing hand, a mutual tear, a sympathising heart and an understanding word. Her plea is to shine and let other people know you care, whether by means of a kind word, visit, message, or phone call.

Dear colleagues, my plea to you is to support each other and care for each other. Be more diplomatic, don't hurt other people's feelings so easily – you will gain respect and become an ideal colleague in an ideal workplace. Only then will wellness be an integral part of our workplace on campus and issues such as victimisation, unfair discrimination, inequality and grievances will only be nightmares out of a legal textbook and not part of our daily lives.

Maar hoe moet UVPERSU en die UV hulself posisioneer vir die toekoms? Ek dink nie mens kan beter raad kry as dié van André Diederichs in sy rubriek *Eienskappe van Entrepreneurs* in *Volksblad* van 7 Oktober 2006 nie. Hy skryf soos volg oor lesse wat ondernemings van Afrika-wildehonde kan leer:

"Om 'n suksesvolle familie-onderneming te bestuur, verg ook samewerking tussen die lede van die onderneming.

"Om gefokus te wees op jou rol asook die oorhoofse doelwit van die onderneming en terselfdertyd om te gee vir mekaar is 'n groot uitdaging vir familie-ondernemings. Bakleiery oor wie wat verdien, kan uiters teenproduktief wees en die oë van die bal afhaal. Laat ons dus leer van die wildehonde wat, sodra hul prooi gevang is, op 'n ordelike manier eet, sonder om te baklei oor die karkas soos die leeus en die hiënas.

"Laat ons dink, en leef, almal vir een en een vir almal. Vind die balans tussen die familie se belange en die onderneming se belange en dit sal die onderneming volhoubaar laat groei."


Mag UVPERSU nog vir baie dekades vorentoe binne die UV-milieu bestaan en as nie-rassige, multikulturele en diverse personeelvakbond sy lede saamsnoer om te verseker dat alle lede van UVPERSU binne werksverband regverdige behandeling ontvang.

Mag UVPERSU in die toekoms 'n beduidende rol speel om die akademiese vryheid en outonomie van die Universteit te beskerm. Mag UVPERSU almal wat aan die UV verbonde is altyd op positiewe en konstruktiewe wyse inspireer om saam te bereik.

As long as I am part of the unique and successful UVPERSU team, I will strive to be fair towards everybody, never to belittle a person in front of others, always speak kind words and protect the interests of all parties in our workplace, the UFS, in such a way that we can achieve together. But I will not always be part of UVPERSU, so while I can still make a difference, I will work hard to leave a legacy of a fair and just workplace where people care for each other and don't hurt others with unnecessary unkind words.

May UVPERSU contribute positively towards a UFS campus where people from outside would love to hold a job.

**Anita Lombard**
**CEO**



# De iure

According to law… • Volgens die reg...

## The right of expectation in temporary employment

*By Derek Jackson*

The following question crops up repeatedly in instances where the employee is employed on a fixed-term or temporary contract of employment: when does the employee become entitled to appointment as a permanent employee?

It is well-known that many employers utilise fixed-term contracts and temporary contracts of employment in order to avoid their responsibilities and obligations imposed by the Labour Relations Act 66 of 1995 (LRA) for permanent employees.

The question also arises as to how many times an employer may “roll over” or continue to renew a fixed-term or temporary contract of employment before reasonable expectation of permanent employment is created?

The purpose of section 186 (1) (b) of the LRA is to prevent the unfair practice of keeping an employee on a temporary basis without employment security until such time as the employer wants to dismiss the employee without having to comply with obligations in terms of the LRA (*Biggs v Rand Water*).

It must be decided, when such a fixed-term or temporary contract is terminated by the employer, whether the employee’s expectation of renewal was a reasonable expectation and whether the definition includes the expectation of permanent employment as opposed to temporary employment.

Some employers try to circumvent this by stating in the employment contract that the employee should not expect permanent employment or renewal of the contract. However, the employer then does in fact proceed to roll over or continually renew the contract and in *Mediterranean Woolle Mills (Pty) Ltd v SA Clothing & Textile Workers Union*, the Supreme Court of Appeal held that the wording of a contract, in itself, does not suffice to exclude an expectation of renewed employment.

The Labour Court, in *Dierks v University of South Africa*, held that an evaluation of all the surrounding circumstances, including “the significance or otherwise of the contractual stipulation, agreements, undertakings by the employer, or practice or custom in regard to renewal or re-employment, the availability of the post, the purpose of or reason for concluding the fixed term contract, inconsistent conduct, failure to give reasonable notice, and the nature of the employer’s business” are criteria that must be included in the evaluation. The list of criteria mentioned above is not exhaustive.

In applying the above test, the Court found that a letter received by the applicant after an unsuccessful application for appointment, rumors, and the fact that other temporary staff members’ contracts had been renewed, or had been permanently appointed, were not sufficient to establish a “reasonable expectation”.

A stipulation in a contract of employment which specifically excludes any expectation of renewal is therefore not necessarily the deciding factor - the courts will place considerable weight on it in practice.

In one instance of continual renewal or “rolling over” of a contract, the particular contract was renewed for eight consecutive periods before the employee was informed that it would not be renewed again (*Malandoh v SABC*).

## Equal pay for equal work, or for work of equal value

*By Derek Jackson*

Disputes regarding equal pay for equal work are becoming more frequent. Although this matter is addressed to a certain extent in the Code of Good Practice for the Integration of Employment Equity into Human Resource Policies and Procedures (available on the Department of Labour website www.labour.gov.za) the matter is not as simple as “we are both doing the same job, therefore must get the same pay.”

There is a lot more to it than that. Failure to apply the general principle of “equal pay for equal work, or for work of equal value”, even though the principle is accepted in our law, will only amount to unfair discrimination if the reason for distinguishing between the higher-paid and the lower-paid employee is shown to be one of the grounds referred to in terms of section 6 of the Employment Equity Act, namely race, gender, sex, pregnancy, marital status, family responsibility, ethnic or social origin, colour, sexual orientation, age, disability, religion, HIV status, conscience, belief, political opinion, culture, language and birth.

Even if the discrimination or the difference in salary can be shown to be based on one of the above unfair reasons for discrimination, the first requirement would be to establish whether the difference in pay does amount to discrimination. Differences in salary which are based on the fact that the employees have different levels of responsibility, expertise, experience, or skills, does not amount to discrimination.

Thus, discrimination based on one of the grounds mentioned in section 6 of the EEA will not necessarily be an arbitrary discrimination of salary - the different levels of responsibility, expertise and other factors, will be taken into account. The applicant therefore must be able to show that the discrimination is not based on different levels of responsibility, expertise, experience, skills and similar reasons, but is based on some or other arbitrary grounds.

Put differently, if the difference in pay is objectively justifiable, it will more than likely be ruled to be not discriminatory.

In *TGWU & Another v Bayete Security Holdings*, the applicant showed only that he was a black employee being paid a salary far less than another white employee, and both were doing the same job. The applicant did not submit any evidence to show what work the white employee was doing, what his educational qualifications or experience were, for whom the white employee had previously worked, and for how long. The applicant also conceded that the white employee was designated a manager, and the black employee was not. Therefore it was ruled that there was nothing to show that the applicant had been discriminated against in terms of salary.

In *Ntai & others v South African Breweries*, a *prima facie* case of racial discrimination in the form of excessive pay differentials had been shown, but the Court found that the employer had succeeded in proving that the reasons for these differentials were not related to race. On the question of whether the failure by the employer to reduce the differentials amounted to racial discrimination, the Court ruled that there was no basis for the Labour Court to legitimately interfere with the employer’s decision not to do this, because the applicant had failed to show that the alleged unwillingness of the employer to close the gap was in any way related to or based on race.

Thus it will be noted that employees who hold that they must get the same pay as another person doing the same job, have many bridges to cross, and must be able to show that the difference in pay is based purely and simply on one of the arbitrary grounds mentioned in the Employment Equity Act before such a dispute will succeed.

# Uit die voorsitterstoel

**UVPERSU - 10 jaar van groei**

Vakbonde in Suid-Afrika is niks nuuts nie en dit word algemeen aanvaar dat ons vakbondwese nie alleen die grootste nie, maar ook die mees gedissiplineerde op die Afrika-kontinent is. Vakbondwese het die werkplek in Suid-Afrika beduidend verander en vandag is wetgewing in plek sodat werknemers en vakbonde hulle kan beroep op mediasie, arbitrasie en konsiliasie. Wetgewing na 1994 het die speelveld dramaties verander en onder andere was die werkgewer verplig om verteenwoordigende vakbonde in die werkplek te erken en kollektiewe ooreenkomste met sodanige vakbonde te sluit, wat byvoorbeeld dispuutprosedures ingesluit het.

Vakbondwese was vir meeste van ons vreemd en die destydse dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, prof. Dan Morkel het by ’n vergadering opgemerk dat dit ’n kwade dag sou wees indien universiteitspersoneel aan ’n vakbond sou behoort en dat vakbonde byvoorbeeld vir salarisse sou onderhandel, om nie eens te praat van moontlike protesoptredes nie. Kovsies het daardie tyd breedweg drie groepe personeel gehad (nie veel anders as vandag nie), naamlik akademici, ondersteuningspersoneel en dienswerkers. Laasgenoemde het ’n vakbond gehad (Nehawu) en omdat dit in beginsel die enigste op die kampus was, sou dit *ipso facto* die vakbond wees wat erkenning geniet. Twee verenigings het die akademici en die ondersteuningspersoneel verteenwoordig. Hierdie verenigings was in beginsel ingestel op gesellighede, maar het per geleentheid personeelvoordele aangeroer, om eenvoudig deur topbestuur (soos dit bekend was) van die tafel gevee te word. Analoog met die optrede teen stout kinders!

’n Massavergadering is gehou waar die akademici (Dosentevereniging) en ondersteuningspersoneel (OPV) besluit het om kragte saam te snoer en om ’n vakbond te stig vir alle personeel, naamlik die "Universiteit van die Vrystaat se Personeelunie" (UVPERSU). Bates van hierdie twee verenigings sou aan UVPERSU oorgedra word wat die OPV wel gedoen het. Onder leiding van UVPERSU se eerste voorsitter, prof. Gerhard Fick, is die eerste en soms moeilike stappe geneem, want dit was vir almal nog nuut en vreemd. ’n Grondwet is geskryf en UVPERSU is as vakbond geregistreer. Tien jaar later kan ons terugkyk op groot suksesse en vordering en vandag is UVPERSU nie alleen die meederheidsvakbond in die werkplek nie, maar is dit ’n diverse, multikulturele, proaktiewe, volwasse, en toonaangewende vakbond. UVPERSU het sodanig gegroei dat ons lank reeds ’n voltydse uitvoerende beampte het, naamlik Anita Lombard en ’n voldag administratiewe persoon, Sarien Crous. UVPERSU is uniek en geen ander vakbond of affiliasie kan die diverse karakter van ’n tersiêre instelling beter dien en verteenwoordig as UVPERSU nie. Die rede hiervoor is eenvoudig - UVPERSU dien slegs sy lede se belange en het geen politieke of ander agendas nie. Interessant is dat ’n ooreenkoms met Nehawu gesluit is om gesamentlik vir personeelvoordele te onderhandel, wat op sigself uniek in Suid-Afrika is en waarop ons opreg trots kan wees.

Om ons tienjarige bestaan te vier het ons ons lokale opgeknap en fasiliteite by die teekamer verbeter. UVPERSU het as leuse “Bereik Saam” en dit is presies waarom UVPERSU vandag is waar hy is - onbaatsugtige samewerking, lojale lede, personeel wat omgee en ’n werkplek wat ons almal na aan die hart is.

Veels geluk aan almal wat bygedra het om UVPERSU ’n modelvakbond te maak en mag die belange van sy lede nog vir vele dekades gedien word.

**Prof. Johan Grobbelaar**
**Voorsitter**

# “O stres, waar is jou angel?”

## Stres, salarisonderhandelings en die Bosveld

*Deur prof. Johan Grobbelaar*

Is Kovsies ’n stresbom? Wat gaan aan dat meer as 50 % van die personeel anti-depressante gebruik? Hoe moeilik en stresvol is salarisonderhandelinge vir dié wat dit moet voer?

My betrokkenheid by die Spirulina-projek naby Musina het ook die voordeel gehad dat ek vroegoggend kon sit en koffie drink terwyl die bosveld om my ontwaak. So speel ’n besondere simfoniekonsert voor my af. Die een voël wou mooier as die ander sing, rooibokke het naby gesnork en in die verte het tarentale met hulle metaalagtige gesels vergadering gehou. Ek wou deurentyd bravo, bravo! skreeu. Dis toe ek sit en dink aan hoe stresvol ons lewens geword het. Is dit waarom ’n Welstandkomitee in die lewe geroep is?

Toe wonder ek of daar werklik ’n toestand is wat sonder stres is. Aanvaar ons dat daar wel iets soos ’n streslose omgewing of mens is, is my mening dat dit baie kort van duur sal wees voordat die een of ander stremming of stres sal manifesteer. Dit lei gevolglik tot ’n toestand wat sub-optimaal en onharmonies, met hoë entropie is. “Adapt or die” moet verseker dat veranderinge plaasvind sodat by die nuwe toestand aangepas kan word en gevolglik ’n nuwe harmoniese situasie kan manifesteer. Stres en druk blyk vir my integraal met ons lewens te wees en ons moet net verseker dat ons so gou moontlik ’n nuwe harmoniese toestand bereik.

Salarisonderhandelinge het al die elemente van bogenoemde. Onmiddellik na ’n rondte onderhandelinge is alles harmonies, personeel glimlag en gedagtes is by ander sake. Soos die einde van die jaar nader, word al hoe meer gevra “onderhandel julle al”, “wat hoor julle”, “gaan ons darem iets kry”, “onthou ons wil ’n bonus hê”, ens. ens. Dan word ’n datum en tyd bepaal, kollegas gluur mekaar aan, humeure is kort en stresvlakke hoog. Wat weet hulle wat ons nie weet nie, vra ons dalk te min, te veel sal hulle nooit gee nie, moet ons ’n dispuut verklaar, kan ons nie net teken en klaarkry nie? Dan teken ons en skielik dreineer die energie soos ’n vloed weg en joviale harmonie neem oor, kameras flits, glasies word geklink en almal wens mekaar geluk! Die nuwe tydelike harmoniese vlak is ’n 6,0 % (soos vir 2006) algemene verhoging.

Natuurlik kan mens onderhandel en dit op sigself is ’n fyn kuns, maar in die bosveld beleef ek ’n soete saligheid wat ek so graag met almal wil deel en ek weet Afrikabloed loop in my are. Batterye word hier herlaai en skielik wonder ek of stres nie maar die lewe is nie, want môre eksperimenteer ons verder en Saterdag moet ek die 1 000 km terug na Bloemfontein aanpak – hoe stresvol!

# Pas jouself op – jy is kosbaar

*Prof. Johan Grobbelaar het verlede jaar 'n ontbyt bygewoon wat deur die UV se Welstandkomitee gereël is. Prof. Johan Coetzee was die gasspreker. Hier volg enkele gedagtes wat geopper is:*

**1. Spyt kom te laat**
Moenie wag totdat 'n persoonlike drama jou laat draai nie. As jy 'n 10 voorgee wil hê, maak tyd daarvoor! Moenie jou kind se prysaand misloop nie!

**2. Moenie werk skep nie**
Negatiewe impakte kom van politiekery, herhaling, rompslomp, vergaderings, ens. wat eintlik kunsmatige druk meebring – dit is alles sosiale snert. Dit is reeds bekend dat e-posse mense gek maak!

**3. Werk aan jou padkaart**
Stel 'n alternatiewe leefplan op skrif. Herrangskik jou prioriteite en waardes. Hou by jou nuwe padkaart en dateer dit gedurig op.

**4. Aanvaar hulp**
Gaan gesels met iemand oor jouself, kry berading en doen dit minstens een maal per jaar. "Macho" is uit!

**5. Jou familie is kosbaar**
Wees betrokke by jou eggenoot, gaan eet saam ontbyt en werk aan innige meelewing.

**6. Bepeins**
Wees meer filosofies oor die lewe en dinge wat jou pla.

**7. Weet jy wanneer genoeg genoeg is?**
Net een persoon kan koning wees; aanvaar dit en gaan liewers 17:00 huis toe. Wees minder toekomsgerig en verbind jouself tot die vreugdes van die hede! Verbind jouself tot vryheid en verset gebondenheid!

**8. Pasop vir konformasie – veg teen "the show must go on"**
Wees vreesloos in die bekendmaking van jou persoonlike professionele bekering. Ervaar die bevryding van "om jou sê te sê"! Wie het die "guts" hiervoor in die korporatiewe omgewing?

**9. Tyd**
Diskresionêre tyd kom jou toe en jy het die reg om dit te bestuur! Opgehoopte verlof is 'n euwel en is taboe.

**10. Geluk**
"Greed and ego distort people". Geluk is belangriker as geld. Skep jou geluk waar jy is. Ons weet hoe om hard te werk, maar weet ons hoe om te ontspan? Leef vandag en nie vir die toekoms nie ("eendag as ek af-tree .....").

**11. Speelgoed**
Kry vir jou 'n speelding want dan kan jy speel. Speelgoed beteken dat jy maatjies ("buddies") gaan maak, wat waarde en perspektiewe meebring. Ons almal het "buddies" nodig. Kry daardie motorfiets voordat dit te laat is!


## Spirulina







**083 503 1282**
**051 401 3472**


# Welcome to our venues


UVPERSU Tearoom


UVPERSU office complex


UVPERSU Committee Room

# Roervink

## Oud maar nog nie koud nie

Ja, toe maar, ek wat Roervink is, weet ek raak nou by party mense teer snare aan, want sommiges op kampus is oud maar nog nie koud nie, ander is oud en koud en ’n paar selfs dalk koud maar nie oud nie! Wie sal weet? Natuurlik is ons as Kovsies almal wys genoeg om onsself te kan klassifiseer en daarom sê ek liewer niks verder nie! Ontspan tog dié van julle wat kwansuis nie oud of koud is nie! Roervink weet van julle. As julle julleself gedra, reël ons nog voor die einde van die jaar vir julle ’n leeuloop-kompetisie voor ’n sekere gebou, met daai “cool” Cheetah-ondersteuner Robbie Wessels as die hoofbeoordelaar en vonkelvrou en samelewingsdiens-undi, Matrone van *7de Laan*, om hom by te staan!

Maar alle grappies op ’n stokkie - ek wil eintlik oor UVPERSU, wat vanjaar tien jaar oud is, skryf. Ek sê maar net “tien jaar oud”, want UVPERSU is eintlik tien jaar jonk, omdat hierdie vakbond van ons net al hoe mooier en jonger (en slimmer) word. UVPERSU het tred gehou met die tyd en vernuwe en aangepas wanneer dit nodig was en daarom het UVPERSU gegroei tot waar dit vandag is - die verteenwoordigende vakbond op kampus en ’n rigtinggewer in baie opsigte.

Nie dat Roervink en sy UVPERSU-kollegas neersien op ou goed nie – die vakbond vergader mos nog gereeld met die “o(u)werhede”! En die beste van alles is dat ons gek is na kosbare ou swarthoutmeubels. Soos tipiese versamelaars is die pragtige stukke in die ou Kaf uitgesnuffel en is dit “restored to its former glory” – iets wat nie van sekere historiese geboue op kampus gesê kan word nie en natuurlik daarom Roervink se geliefkoosde uitdrukking. Roervink verneem prof. Francois Retief was juis nou die dag skoon aangedaan toe hy die groot ovaaltafel waarby hy soveel belangrike besluite geneem het, veilig in UVPERSU se besondere nuwe kantoor kon sien staan – tussen mense wat bewaar en omgee en sal sorg dat dit vir die nageslag behoue bly. Hy slaap glo nou sommer weer gerus, want sy geliefde lessenaar staan in een van die ander mooiste kantore op kampus – dié van prof Voet du Plessis. Lyk vir Roervink “arbeidsreg adel”!

Klein Roervinkie se asma is sommer baie beter vandat hy gehoor het die lugbesoedeling daar in die omgewing van die Hoofgebou se doolhof gaan hokgeslaan word met die verbeteringe by die Chemiegebou. Maar toe herinner sy sorgsame moeder in die Hoofgebou die stomme kind daaraan dat hy nie te gou sy pompie moet bêre nie – niks op kampus gebeur gou nie en mens weet nooit watter effek die stof en die lorries se uitlaatgasse op sy asmabors kan hê nie. Vat nou maar die werk destyds aan die Hoofgebou. Hoop net nie daar kom moeilikheid met Chemie se dak ook nie. Dink net aan al die proefbuise wat kan breek as die dak op hulle instort! En dit sal weer die studente as kliënte benadeel en oorwerkte personeel verder uit-“freak”. Om nie eens te praat van wat die hogere mense wat ons kom oudit het van so ’n debakel sal sê nie!

Roervink is natuurlik baie opgewonde oor die massiewe parkeerprobleme op kampus wat gedeeltelik opgelos is met behulp van die afdakke langs die Brill-gebou. Dit kon seker nie vir sekere personeellede lekker gewees het om sommer daar in die oopte op die gras oorkant die Rindlsaal te parkeer nie. Dis ook niks minder as reg dat daar ’n “boom” vir ordentlike toegangsbeheer is nie. Dit los regtig baie probleme op en dra baie meer tot die bekamping van motordiefstal by as die ge-aan- en afskakel van motors by die hekke. Gelukkig is daar nog nie ’n kamera by hierdie “hek” nie. Dit sal darem te maklik wys wie werk van vroeg tot laat en wie nie!

Mooi (leeu)loop tot volgende keer!



**(Roervink is ’n ou Nederlandse uitdrukking vir ’n persoon wat tot die irritasie en verleentheid van die owerhede sake uitkrap, openbaar maak en agiteer oor dinge wat hy meen reg is!)**

**(Roervink is satiries van aard en moet dienooreenkomstig gelees word!)**

# Salarisse 2007 • Salaries 2007



Tydens die ondertekening van die 2007-ooreenkoms: van links is: mnr. O. Moeng, voorsitter van Nehawu en lid van die Gesamentlike Forum, mnr. L. Geyer, UV-raadspan, prof. F Fourie, rektor, prof. N. Viljoen, UV-raadspan en prof. J. Grobbelaar, voorsitter van UVPERSU en voorsitter van die Gesamentlike Forum.

